higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## AANLEG EN TOERUSTING
### NKR VLAK 2

**15 November 2022**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Waar
1.3 Onwaar
1.4 Waar
1.5 Waar

(5 × 1) **[5]**

## VRAAG 2

2.1
- Deur teen swak verpakte of verkeerd geplaaste materiaal te stamp
- Deur besering deur spykers wat uitsteek, splinters, drade of stukkende glas
- Deur oor los voorwerpe te val
- Deur op nat, olierige of vuil vloere te gly
- Besering deur materiale of gereedskap wat van bo afval
- Deur enige plek naby vlambare materiale of swak geventileerde areas te kook

(Enige 5 × 1) (5)

2.2
- Oorproppe
- Helm
- Veiligheidsbril
- Handskoene
- Stofmasker (Enige 3 × 1) (3)

2.3
- 'n Elektriese boor met 'n beskadigde kabel
- 'n Slyper sonder 'n beskermingsplaat
- Oorskryding van die maksimum massalas op enige toerusting
- Werk sonder beskermende klere
- Brandveiligheidstoerusting wat nie gereeld versien word nie

(Enige 3 × 1) (3)

2.4
- 'n Algemene beskrywing van die terreintoestande
- 'n Algemene beskrywing van die werk
- Aanvaarbare toleransies
- Spesifieke vereistes
- Die veilige aflaai van materiale
- Gevare (Enige 4 × 1) (4)

**[15]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3

3.1
- Ambulans
- Polisie
- Hospitaal
- Maatskappy se veiligheidsverteenwoordiger
- Brandweer
- Noodhulpbeampte (Enige 5 × 1) (5)

3.2 Noodhulp is die identifisering van enige mediese noodgeval✓ en toepassing van geskikte behandeling✓ vir 'n beseerde persoon totdat hulp deur 'n mediese praktisyn gegee kan word.✓ (3)

3.3 'n Persoon kan flou val wanneer daar 'n tekort✓ aan suurstof in die brein is.✓ (2)

3.4 'n Brand is enige skade aan die vel✓ of ander weefsels veroorsaak deur droë of vogtige hitte, chemiese werking, elektriese energie of straling.✓ (2)

3.5
- Brandwonde
- Skok
- Floute
- Beenbeserings
- Diep snywonde
- Erge bloeding
- Ruggraat- en nekbeserings (Enige 3 × 1) (3)

**[15]**

## VRAAG 4

4.1.1 'n Lugbelwaterpas word gebruik om te kontroleer of 'n oppervlak horisontaal (gelyk)✓ of vertikaal (loodreg) is.✓

4.1.2 'n Kalfaatgeweer word gebruik om seëlmiddel✓ in krakies te spuit.✓

4.1.3 'n Kruishout word gebruik om lyne✓ op hout af te merk om dit te sny.✓ (2 × 3) (6)

4.2 Eerstens moet jou oë beskerm word.✓ Stel die elektriese bankslypmasjien op lae spoed. Hou die boorpunt teen 'n hoek sodat die slypwiel een van die skuins kante van die keëlvormige bopunte ontmoet.✓ Moet nooit toelaat dat die punt oorverhit nie. Doop die punt gereeld in koue water. Hou die punt teen die voorkant van die wiel, nie teen die kante nie.✓ Draai die punt deur dit tussen jou duim en 'n ander vinger te draai. Toets die hoeke met 'n boormeter.✓ Plaas laastens die boorpunt in 'n bankskroef en gebruik 'n metaalvyl om die rande skerp te maak.✓

(5)

4.3 Houtbeitel

- Die beitellem word op albei kante van die oliesteen geslyp.
- Die een steen is grof en die ander een fyn met 'n 30° slyphoek.
- Draai die lem om nadat dit geslyp is en verwyder die baard deur die oliesteen liggies te poleer.

Skaafbeitel

- Lê dit plat op die oliesteen neer en lig die agterkant stadig totdat dit 'n 30° hoek vorm.
- Met sowel die skaaf- as die houtbeitel kan slypgereedskap wat die lem teen die regte hoek hou ook gebruik word.

(Enige 4 × 1) (4)

4.4

- Krap enige dagha met 'n draadborsel af.
- Was die troffel in skoon water.
- Vee die troffel met 'n olielap af.

(Enige 2 × 1) (2)

4.5

- Messeltroffel
- Voegtroffel
- Meettroffel (3)

4.6 Wanneer pleisterwerk aan 'n muur voltooi word, word dit gebruik om die hoeke af te werk✓ deur netjiese, deurlopende en reguit binne- en buitehoeke met 'n klein radius te vorm.✓ (2)

4.7 Raadpleeg die detailplan.✓ Die volgende stap is om die ingenieur se bekisting- en steunwerkspesifikasies te bekom.✓ Maak seker dat al die materiaal, toerusting en gereedskap wat jy benodig om die laaghout af te merk en aanmekaar te sit, verkry word.✓ Merk en sny al die nodige stukke.✓ Sit alle dele aanmekaar en maak die vorm.✓ Olie die binnekant van die vorm.✓ (6)

4.8

- Staafklampe
- Snymasjien
- Handsaag
- Staalwinkelhaak
- Skroewedraaier (Enige 2 × 1) (2)

**[30]**

## VRAAG 5

5.1
- Mense val van lere af want hulle verloor vastrapplek of die leer val om.
- Hulle gaan nie die toestand van die leer na voordat hulle dit gebruik nie.
- Hulle volg nie die korrekte veiligheidsreëls vir die gebruik van lere nie.

(3)

5.2
- Tweebeenlere
- Traplere
- Reguit lere
- A-raamlere
- Skuiflere (Enige 3 × 1) (3)

5.3 Die leer kan kantel as jy te vêr strek of te vêr kant toe leun.✓ Die druk van die oormatige strekking kan veroorsaak dat die voet van die leer gly.✓ Die leer kan kant toe omkantel.✓ Jy kan jou balans verloor en van die leer afval.✓ Jy kan die gereedskap in jou hande laat val.✓ (4)

**[10]**

## VRAAG 6

6.1 'n Steier is 'n tydelike struktuur✓ wat gewoonlik van metaalrame en -buise gemaak is✓ wat tydelike steun en toegang bied vir werkers en materiale wat in bou-, sloop-, herstel- en instandhoudingswerk gebruik word.✓ (3)

6.2
- Dit kan in 'n baie klein en kompakte grootte gevou word.
- Dit kan maklik sonder gebruik van 'n hyskraan op 'n voertuig gelaai word.

(2)

6.3
- Gaan die grondtoestand na.
- Maak seker dat daar geen hindernisse is nie.
- Maak seker dat die grond gelyk is.
- Gaan die moontlike windlastoestand na. (4)

6.4
- Platforms wat op die bok staan, moet volledig beklee wees, met geen gapings tussen die planke nie.
- Platforms moet voldoende ondersteun wees.
- Veilige toegang tot bokwerkplatforms moet verskaf word.
- As die bokwerkplatform hoër as 2,5 m is, moet skutrelings en stootstukke by al die oop kante verskaf word.
- Daar moet oorhoofse beskerming wees as werkers aan oorhoofse gevare blootgestel word. (5)

Kopiereg voorbehou 

6.5
- Die grond moet gelyk wees,
- Die grond waarop ’n toring geskuif word, moet die gewig van die toring kan ondersteun.
- Die toring moet nooit vinniger as normale loopspoed geskuif word nie.
- Torings mag slegs met die hand of met bewegingsmasjinerie verskuif word.
- Niemand mag op die toring wees terwyl dit geskuif word nie.

(5)

6.6
- Skutreling
- Stootstuk
- Werkplatform
- Kalf
- Steierbalke
- Dubbelkoppelstuk
- Vaste leer
- Kruisverspanning
- Draaikoppelstuk
- Kortelingklem
- Voetplaat

(Enige 6 × 1) (6)

**[25]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou